

## 11 Januarie - AG GEE

**Skrifgedeelte: Psalm 107**  
**Fokusgedeelte: Psalm 107:43**

**S**oms kan 'n mens uitkoms ervaar, maar dit aan toeval of geluk toeskryf. Watter dwaasheid is dit nie! Daardeur onteer ons ons troue Vader wat deur die eeue heen vir sy verbondskinders sorg – in voorspoed en teëspoed. Ons word in Psalm 107 opgeroep om ag te gee op die Here se troue sorg in vele omstandighede. Wie dit raaksien, se dankbaarheid sal in 'n loflied oorgaan: “Loof God, omdat Hy goed is, en goed is sonder end!” (Ps 107:1, berym).

Hulle wat deur God bevry is, sal Hom loof. Die teruggekeerdes uit die ballingskap van destyds, maar ook die begenadigdes uit talle volke, nasies en tale wat in Christus die genade en redding van God leer ken en ervaar het, sal Hom loof. God verlos en maak nuut deur sy Gees. Soos 'n opstanding uit die dood, só stel die Gees ons in staat om die ou natuur te oorwin, om God se wil te ken, sy daade raak te sien, Hom te loof en in ons daaglikse lewe te dien.

Die trou van God wat bevry, word in Psalm 107 deur voorbeelde besing. Telkens word die nood beskryf, die hulpgeroep na God gestel en die uitkoms beskrywe:

- Vers 4-9: die woestynreisigers wat die regte pad vind, wie se dors geles en honger gestil is.
- 10-16: die gevangenes wat deur hulle eie toedoen gestraf is, se boeie is verbreek nadat hulle na God om hulp geroep het.
- 17-22: die mense wat deur dwaasheid ernstig siek geword het, is genees.
- 23-32: die seevaarders wie se seemanskuns niks gehelp het toe die storm hulle bedreig het nie, het ervaar hoe Hy die golwe en wind tot bedaring gebring het.
- 33-38: die Here maak onbewoonbare dele leefbaar.

Gee ag op die troue daade van die Here. Moenie nalaat om Hom daarvoor te loof en prys nie!

*Sing: Psalm 107-1:1, 21*

*Dr WC Opperman (Windhoek-Suid)*